higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID

NKR VLAK 2

(11011002)

8 Desember 2020 (X-vraestel)

09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

424Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR

PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 … kan ’n groot risiko in die higiëniese voorbereiding van kos wees.

A Ontsmette oppervlakke
B ’n Skoon uniform
C Voedselhanteerders
D Ontsmette toerusting

1.1.2 … kan tot mikrobiese verspreiding bydra.

A Goeie persoonlike higiëne
B Die Laaste-In Eerste-Uit stelsel
C Goeie voedselhanteringspraktyke
D Higiëniese voedselvoorbereidingsareas

1.1.3 Beginsel van voorraadrotasie:

A Eerste-In Eerste-Uit
B Eerste-In Laaste-Uit
C Laaste-In Eerste-Uit
D Laaste-In Laaste-Uit

1.1.4 Rubberrollers (squeegees) word gebruik om … skoon te maak.

A oppervlakke
B mure
C vensters
D deure

1.1.5 Trollies word gebruik om ...

A stoorkamers te versier.
B voorraad te vervoer.
C kombuise skoon te maak.
D voedsel te stoor.

1.1.6 … moet gebruik word om hardnekkige vuiligheid en vlekke te verwyder

A Water
B Warm seepwater
C ’n Skuurmiddel
D Handskoene

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Voedsel moet ’n interne temperatuur van ... grade Celsius bereik wanneer dit gekook word.

A 20
B 75
C 92
D 100

1.1.8 … sal ’n span help om suksesvol te ontwikkel.

A Die missie en doelwit
B Spanlede se eie motiewe
C Individualisme
D Argumente

1.1.9 ’n … word gebruik om groente en seekos uit ’n vloeistof te skep.

A Vurk
B Spatel
C Spinnekop
D Houtlepel

1.1.10 … is nie deel van stadiums in die vorming van groepontwikkeling nie.

A Vorming
B Swerwing
C Normering
D Storming

(10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Die ontvangskantoor is die hooffokuspunt van ’n gastehuis.

1.2.2 Die hoofhuishoudster maak die gastekamers skoon.

1.2.3 Die hooffunksie om ’n banket aan te bied, is om spyseniering te doen.

1.2.4 Spanlede deel inligting.

1.2.5 Die spanleier neem alleen al die besluite.

1.2.6 ’n Groep en ’n span is dieselfde ding.

1.2.7 Deelnemende leierskap is een van die kenmerke van ’n hoë-prestasie span.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 Griep is ’n algemene siekte wat geïgnoreer kan word in die voedselproduksie-area.

1.2.9 Die hoofrede waarom ’n sjefuniform gedra word, is om ’n goeie beeld uit te dra.

1.2.10 Dit is belangrik om die mond te bedek wanneer jy hoes of nies.

(10)

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK.

	KOLOM A		KOLOM B
1.3.1	Hierdie afval moet in koerantpapier toegedraai word voordat dit weggegooi word.	A	varsheid
		B	glas
1.3.2	Het ’n buigsame stomp lem	C	bene
1.3.3	Kap deur vleisbene	D	kombuisafval
1.3.4	Moenie naby die voorbereidingsarea geplaas word nie	E	sanitêre afvalblikke
		F	paletmes
1.3.5	Kleinste lewende organismes wat nie sigbaar is vir die blote oog nie	G	klower
		H	mikro-organismes
1.3.6	Alle aflewerings moet nagegaan word vir hierdie kriteria	I	kompakteerder
1.3.7	Word gebruik vir saampersing van metaal, papier and plastiek	J	verbrander
		K	sigarette/vuurhoutjies
1.3.8	Word gebruik om items te verbrand as ’n metode om weg te doen	L	vuil babadoeke
1.3.9	Maak seker hulle is heeltemal dood voordat dit weggegooi word		
1.3.10	Moenie in die toilet afspoel nie		

(10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.bing.com/images*]

2.1.1 Noem DRIE stukke persoonlike beskermende toerusting wat die persoon wat die voedsel voorberei, moet dra. (3)

2.1.2 Beskryf DRIE praktyke in die prent hierbo wat nie aanvaarbaar is in 'n voedselvoorbereidingsarea nie. (3)

2.1.3 Om persoonlike higiëne te handhaaf, was nog altyd belangrik vir almal wat met voedsel werk. Gedurende die inperking weens die Coronavirus, het die president van Suid-Afrika sekere maatreëls aangekondig om die verspreiding van die virus te verhoed. Na jou mening, hoe het die Corona-pandemie die vereistes van die beoefening van goeie persoonlike higiëne in die Gasvryheidsbedryf verander of daarby toegevoeg? (6)

2.2 Beskryf TWEE voordele of gebruike van mikro-organismes in voedselvoorbereiding. (4)

2.3 Jy is verantwoordelik vir die basies opleiding van 'n nuwe persoon in die kombuis. Benewens om gereeld hande te was, watter ander VYF basies reëls vir die voorkoming van kruiskontaminasie sal jy die persoon leer? (5)

2.4 Die Gevaarontleding betreffende kritieke beheerpunt (HACCP) stelsel is 'n proses wat gevolg kan word om hoë standaarde van voedselveiligheid te handhaaf.

2.4.1 Wat is die betekenis van die akroniem HACCP? (3)

2.4.2 Verduidelik hoe die HACCP stelsel werk. (6)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE sektore van die gasvryheids-, reis- en toerismebedryf. (3)

3.2 Beskryf DRIE van die voordele wat toerisme vir Suid-Afrika het. (3 × 2) (6)

3.3 Mnr Masondo werk in die toerismebedryf. Die Corona-pandemie het 'n negatiewe effek op sy besigheid gehad.

Beskryf die redes waarom Mnr Masondo se besigheid geld kan verloor. (7)

3.4 Mev Green besit 'n funksiebeplanningsbesigheid. Sy word gevra om 'n 21ste verjaardagpartytjie vir 200 mense te beplan en aan te bied.
Sy sal verskillende spanne nodig hê om die funksie te beplan.

Beveel SES spanne aan wat betrek moet word en beskryf wat hulle rol in die beplanning van die funksie sal wees. (6 × 2) (12)

3.5 Beskryf die rol en/of verantwoordelikheid van die volgende spanlede:

3.5.1 Spanleier

3.5.2 Spanborg

3.5.3 Spanfasiliteerder

3.5.4 Reëlingskomitee

3.5.5 Alle spanlede

(5)

3.6 Beskryf VYF van die faktore wat spanne in die leeromgewing kan beïnvloed. (5)

3.7 Wat is die hoofdoel van 'n span? (2)

[40]

VRAAG 4

4.1 Watter DRIE voorbeelde van elk van hierdie tipe afval kom in 'n kombuis voor?

4.1.1 Droë afval (3)

4.1.2 Nat afval (3) (6)

4.2 Beskryf hoe om chemiese afval vir wegdoening voor te berei. (6)

4.3 Noem wat gedoen moet word wanneer die vullisverwyderaars vullis nie op 'n spesifieke dag verwyder het nie. (3)

Kopiereg voorbehou

4.4 Verminder, hergebruik en herwin is belangrike aspekte om volhoubaar te leef. Bespreek hierdie stelling. (6)

4.5 Verduidelik hoe om hoë higiënestandaarde te verseker wanneer vullisblikke in 'n voedselvoorbereidingsarea hanteer word. (3)

4.6 Bongani wil hawermoutpap vir sy kleinsus voorberei. Watter toerusting of gereedskap sal hy nodig hê om die pap te maak? (3)

4.7 Verduidelik die maatreëls wat getref moet word wanneer 'n werknemer hom/haar met 'n mes sny terwyl skottelgoed gewas word. (3)

[30]

VRAAG 5

5.1 Alice het die ontvangsarea klaar skoongemaak. Sy moet die toerusting wat sy gebruik het skoonmaak voordat sy dit in die stoorkamer gaan bêre. Hoe moet sy die volgende items skoonmaak?

5.1.1 Stofsuier

5.1.2 Sponse

(2 × 3) (6)

5.2 Gee DRIE redes waarom die stoorkamer waarin skoonmaakmateriaal gebêre word, gesluit moet word. (3)

5.3 Die Sentrum vir Siektebeheer en Voorkoming (CDC) se riglyne om openbare ruimtes skoon te maak en te ontsmet om COVID-19 in werkplekke, besighede, skole en huise te verhoed, verklaar: 'Elke besigheid of fasiliteit sal verskillende oppervlakke en voorwerpe hê wat gereeld deur veelvuldige mense aangeraak word.'

5.3.1 Noem TWEE van die oppervlakke in 'n kombuis wat gereeld gedurende werksure aangeraak word. (2)

5.3.2 Noem EEN stuk skoonmaakgereedskap wat gebruik kan word om beide hierdie oppervlakke skoon te maak. (1)

5.4 Verduidelik die basiese prosedures wat gevolg moet word wanneer die volgende gereedskap skoongemaak word:

5.4.1 Gietystergereedskap (4)

5.4.2 Skillers, sitrusskiller, ontkerner (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou